higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

BOUADMINISTRASIE N6

(4090056)

25 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

234Q1E2225

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BOUADMINISTRASIE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.1.1 Die Wet op Werkloosheidsversekering reguleer diensvoorwaardes soos diensverlof, werksomstandighede en ander verwante aangeleenthede.

1.1.2 Werksomstandighede soos werksure, verlof, ensovoorts is in die hoeveelheidslys.

1.1.3 Die Nywerheidswet verseker dat werkers en hul gesinne vergoed word vir beserings of dood wat aan diens plaasgevind het.

1.1.4 Die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes maak voorsiening vir die gesondheid en veiligheid van persone met betrekking tot die gebruik van toerusting.

1.1.5 Industriële optrede het ten doel om ekonomiese ontwikkeling, sosiale geregtigheid, en vrede en demokrasie in die werkplek te bevorder.

1.1.6 Die Handves van Menseregte vorm 'n lys van menseregte soos gewaarborg deur die wet van die land.

1.1.7 Bouooreenkoms word deur BIFSA of ASAQS goedgekeur.

1.1.8 Die Vakleerlingskapwet reguleer die opleiding van werknemers om vakmanskappe te voltooi.

1.1.9 Werknemers word ingevolge die Wet op Werkloosheidsversekering vir die verlies aan inkomste vergoed indien hulle hul werk verloor.

1.1.10 Die Nywerheidswet los geskille op.

(10 × 1) (10)

1.2 Verduidelik elk van die volgende:

1.2.1 Waarom 'n geslote tender nie aan ontwikkelende kontrakteurs toegeken sal word nie

1.1.2 Waar en waarom oop tenders gewoonlik gebruik word

1.1.3 Waarom argitekte nie altyd die voorsitter is van vergaderings op die terrein nie en wie dit is wat vir hom/haar sal instaan

1.1.4 Waarom beplanning as een van die belangrikste bestuursfunksies beskou word

1.1.5 Waarom dit belangrik is om tydens die voortenderstadium vergaderings met die departementshoofde te hou

(5 × 2) (10)

[20]

VRAAG 2

2.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (2.1.1 – 2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Werksbepaling	A	'n Lys van stukke werk waarvoor 'n kontrakteur 'n prys moet maak, of 'n beskrywing van werk, tariewe en pryse
2.1.2	Skedule van tariewe	B	Beskryf die werk wat vereis word sonder om enige hoeveelhede werk te gee
2.1.3	Metodestudie	C	Sertifikaat uitgereik deur die argitek aan die kontrakteur, waarin hy/sy aanvaar dat die werk prakties voltooi is
2.1.4	Arbitrasie	D	Die voorwaardes wat normaalweg deur die Boubedryffederasie van Suid-Afrika (BIFSA) goedgekeur word.
2.1.5	Voorwaarde van kontrak	E	Die toestand van voltooiing na die mening van die argitek; die werk is in wese voltooi en kan effektief gebruik word vir die doel waarvoor dit bedoel is
2.1.6	Praktiese voltooiing	F	Toepassing van tegnieke ontwerp om die tyd vas te stel vir 'n gekwalifiseerde werker om 'n spesifieke werk op 'n. gedefinieerde prestasievlak uit te voer
2.1.7	Werkstudie	G	Proses waardeur partye tot 'n dispuut, op voorstel en aanmoediging van die wet, 'n geskil kan oplos sonder om hof toe te gaan
2.1.8	Hoeveelheidslyste	H	Stelselopname en kritiese ondersoek van bestaande en voorgestelde maniere om werk te doen
2.1.9	Aanspreeklikheid vir latente gebreke	I	Die tydperk wat begin op die datum van aanvang van die konstruksieperiode en eindig op die datum van sertifisering van voltooiing
2.1.10	Sertifikaat van voltooiing	J	Tegnieke soos 'n studiemetode en werkmeting, wat gebruik word in die ondersoek van menslike werk binne konteks

(10 × 1) (10)

2.2 Noem VYF tegnieke van werkmeting. (5 × 2) (10)
[20]

VRAAG 3

3.1 Gee DRIE gebruike vir die volgende dokumente:

3.1.1 Vloeidiagram

3.1.2 Lyndiagram

3.1.3 Veelvuldigeaktiwiteitsgrafieke

(3 × 3) (9)

3.2 Verduidelik die volgende terme wat verband hou met die knelgangmetode:

3.2.1 Plekhouers ('Dummies')

3.2.2 Knelgang ('Critical path')

3.2.3 Gebeurtenis

3.3.4 Netwerk

3.3.5 Aktiwiteit

(5 × 2) (10)

3.3 Verduidelik wat met die term *kritieke aktiwiteit* bedoel word. (1)
[20]

VRAAG 4

4.1 Noem VYF oogmerke van kosteberaming in die konstruksiebedryf. (5 × 2) (10)

4.2 Noem VYF klasse kapitaal wat deur 'n private of openbare maatskappy gebruik word. (5 × 2) (10)
[20]

VRAAG 5

5.1 Noem VYF metodes wat toesighouers op 'n bouperseel kan gebruik om die moreel van werkers en produktiwiteit te bevorder.

(5 × 2) (10)

5.2 Noem VYF eienskappe van 'n goeie leier. (Enige 5 × 1) (5)

5.3 Gee VYF faktore/vaardighede vir goeie kommunikasie op die perseel. (5)
[20]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou